

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Die Rol van Bloed in God se Raadsplan

Deel 4: Bloedlynvloeke – Is dit Skriftuurlik?

Hersiening (Deel 1 tot 3)

Deel 1: Vanaf Genesis tot Openbaring is bloed, naamlik die sterwe (die storting van bloed) van die onskuldige in die plek van die skuldige, die fokuspunt in יהוה-God se Raadsplan van vergifnis, versoening en herstel. Die Skrifte, vanaf Genesis tot Openbaring, is bevestiging hiervan. Die vervulling (vervolmaking) van al die offerandes deur die eeue was egter die bloed van die Lam van God, Yeshua, dié Gesalfde Een. Hy was die eenmalige offer!!

In Deel 2 het ons geleer dat die bloed van Yeshua nie van 'n mens afkomstig was nie, maar van יהוה-God self! Yeshua was dus waarlik die tweede Adam (1Kor. 15:45) en het wat in Grieks bekend is as die *aionios dzoe*, naamlik die יהוה-God-tipe-lewe (Hebreeus: *Olam Chay* – Dan. 12:2) bevat.

In Deel 3 het ons gesien dat יהוה-God ons Verlosser is wat deur Yeshua ons verlossing bewerkstellig het! Yeshua is dus ons Verlossing en Sy Naam beteken “Yah is Verlossing”! Hierdie verlossing was alleenlik moontlik deur die krag van die bloed van Yeshua en is: versoening, reiniging, afgesonderdheid, ewige lewe, oorwinning en oorvloedige lewe.

Die slotsom van alles wat ons in Deel 1 tot 3 bespreek het, is dat ons te veel aandag gee, asook te veel tyd en energie spandeer aan die hakskeenbyter (Satan; die teëstander) en te min aandag aan die betekenis en die uitleef van die verlossing deur die Een wat die hakskeenbyter se kop vermorsel het, naamlik Yeshua, dié Gesalfde Een (Gen. 3:15)! Ons moet deur vertrou en gehoorsaamheid aan יהוה se Torah, soos dit in Yeshua vervolmaak is, leef in die oorwinning en oorvloedige lewe wat deur die krag van die bloed van Yeshua vir ons bewerkstellig is! Jou verlede het geen houvas op jou nie! Jou toekoms hou die belofte in van genesing en herstel van gees, siel en liggaam! 'n Algehele vryheid van enige bindinge en emosionele wonde! Ons het niks meer nodig nie as om met dankbaarheid te aanvaar en in vertrou te doen wat יהוה-God deur Sy onverdiende guns in Yeshua vir ons reeds gedoen het!

Deel 4

In die lig van alles wat tot hede aangaande die verlossing deur die bloed van Yeshua bespreek is, is die vraag dan: Is bloedlynvloeke (*generational curses*) Skriftuurlik?

Die werklikheid dat die uitspraak van vloeke (beswerings) Skriftuurlik is, word geensins betwyfel nie, maar dit is 'n studie op sy eie. Net so word die feit dat 'n demoon, of demone, van 'n mens besit kan neem ook nie betwyfel nie, want die Skrifte bevestig ook dit. Maar die

doel met Deel 4 van hierdie studie is egter nie om beide hierdie waarhede te bespreek nie, maar om slegs dit wat as bloedlynvloeke bekend staan, te bespreek!

Ons almal is bekend met die feit dat ons geveg (worstelstryd) nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die heersers, teen die outoriteite, teen die heersers van hierdie wêreld van duisternis en teen bese geeste onder die hemel (Efes. 6:12). Hierdie teksvers word dikwels aangehaal, veral ten opsigte van geestelike oorlogvoering, maar dan word vergeet wat Sha'ul in die voorafgaande vers 10 skryf, naamlik: “Wees daarom, my broers, versterk in ons Meester en in die grootheid van Sy krag”.

Hierdie grootheid van Sy krag is ondermeer die verlossing deur die bloed van Yeshua, en dit is waar ons fokus moet wees!! Dit is die fondament van ons oorwinning, soos veral in Deel 3 bespreek word! Wanneer ons die volle wapenrusting van God aantrek (vers 11) en ons onderwerp ons deur daadwerklike vertroue in die verlossing deur die bloed van Yeshua en in gehoorsaamheid aan יהוה-God se Torah, dan sal die teëstander van ons af weglug (Jak. 4:7)!

En dan moet ons ook nie Yeshua se woorde in Joh. 14:23 vergeet nie!

“As iemand My lief het, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak¹.”

My vraag is dus: Indien יהוה-God deur Sy Gees in jou as ‘n tempel van God (1Kor. 2:16; 2Kor. 6:16), blyplek (woning) maak, sal die teëstander dit hoegenaamd waag om ook jou liggaam sy woning te maak? Dink hieraan!!

In die lig van bogenoemde waarhede moet ons vra of bloedlynvloeke ‘n werklikheid en Skriftuurlik is?

Definisie van ‘n bloedlynvloek

Eerstens moet ons verstaan dat die term bloedlynvloeke, ook bekend as voorouerlike vloeke en generasievloeke (*generational curse*) nie in die Afgesonderde Skrifte gevind word nie! Bloedlynvloeke is dus ‘n term wat deur mense gegee word in die lig van hul verklaring van veral Ex. 20:5 en 34:7; Num. 14:18 en Deut. 5:9. Op grond van hierdie teksverse word die leerstelling van bloedlynvloeke gebaseer.

Die verklaring van hierdie Skrifgedeeltes sal egter later bespreek word. Maar vir die doel van hierdie studie moet ons verstaan wat die betekenis van bloedlynvloeke is soos dit deur die voorstanders van hierdie leerstelling gedefinieër word.

Eertsens verwys ‘n bloedlyn (afstammingslyn), of generasie, na die voorouers. Daar is verskillende generasies (of geslagte) voorouers, waarvan elkeen se ouers die eerste stygende generasie is en die grootouers die tweede, ensovoorts.

Tweedens is ‘n vloek ‘n invokasie (‘n beswering; ‘n vervloeking) van ‘n persoon wat dikwels met bepaalde rituele gepaardgaan, en met die doel dat die slagoffer(s) deur bonatuurlike beïnvloeding (“magiese” kragte) met teëspoed en rampe geteister sal word. Daar word dus ‘n

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om ‘n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

beroep op 'n bonatuurlike mag gedoen om 'n sekere persoon of persone te straf, te teister en skade aan te doen. Soos reeds genoem is hierdie 'n onderwerp wat nie in hierdie studie verder bespreek sal word nie.

Derdens kan daar 'n vloek op 'n persoon se lewe ontstaan as gevolg van sondes, naamlik die moedswillige en voortdurende oortreding van יהוה-God se Torah, veral weens betrokkenheid in die okkulte.

'n Vloek het dus met die bonatuurlike te doen en verwys na 'n geestelike toestand wat fisies, of psigies, of as kombinasie van beide, sal manifesteer. Hierdie feit moet in gedagte gehou word wanneer van bloedlynvloeke gepraat word. Die hoofdoel van die lering van bloedlynvloeke is juis om deur berading en bevrydingsgebede hierdie geestelike magte se beheer oor 'n persoon te verbreek.

Daar is talle voorbeelde in die Skrifte waar 'n mens of 'n voorwerp vervloek word. Ons weet dat God het die teëstander (die slang) en die aarde vervloek na die sondeval (Gen. 3:14 en 17) en so ook is Kayin vervloek (Gen. 4:11) na hy vir Hevel doodgeslaan het.

Een van die mees bekendste teksverse waar vervloeking genoem word, vind ons in Gen. 12:3 waar יהוה vir Avraham gesê het:

....."Ek sal diegene seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek en in jou sal al die families van die aarde geseën word."

Aan die einde van Yeshua se profetiese rede het Hy vertel van hoe Hy die skape en die bokke van mekaar sal skei, met die skape aan Sy regterhand en die bokke aan Sy linkerhand. Aan die bokke sal daar gesê word: "Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur in wat voorberei is vir die teëstander en sy engele" (Matt. 25:41).

Bogenoemde voorbeelde is bevestiging van die geestelike aard van 'n vloek wat fisies sal manifesteer. Die vraag is eger of die vloek wat op ouers en voorouers rus na die nageslag oorgedra kan word – kan die nageslag hierdie vloeke erf? Hierdie is wel die oortuiging van die voorstanders van bloedlynvloeke en dit is hierdie vraag wat bespreek sal word!

Volgens hierdie leerstelling verwys bloedlynvloeke, of voorouerlike vloeke, dus na sondes of negatiewe invloede wat 'n kind na bewering by geboorte van die ouers en ander voorouers af geërf het. Dit verwys na die kumulatiewe effek wat dit op 'n persoon het weens die sondes en afwykende gedrag (die misdade, ongeregtighede) van die voorouers en dat die negatiewe gevolge hiervan aan die nageslag oorgedra kan word ondermeer as bindinge (verslawings, geestelike teistering, demoniese vestings, ens), siektetoestande (familiekwale, sielkundige afwykings) en algemene teëspoed met betrekking tot finansies, huwelik, beroep, ens.

Oorsprong van die leerstelling van bloedlynvloeke

Derek Prince (14 August 1915 – 24 September 2003) word meesal beskou as die vader van die leerstelling van bloedlynvloeke (*generational curses*). Hierdie leerstelling is baie gewild en dit is veral te wyte aan geestelike leiers soos Marilyn Hickey, Joyce Meyer, Benny Hinn, Larry en Tiz Huch, Neil Anderson en vele ander se leringe hieroor.

Al die boeke en handleidings wat oor hierdie onderwerp geskryf is en DVDs wat gemaak is, asook al die kursusse wat aangebied word, bevestig dat dit 'n gewilde onderwerp is, en dat

baie geld uit die verkoop van hierdie geskrewe en elektroniese hulpmiddels en die aanbied van kursusse gemaak word.

‘n Ander rede waarom hierdie leerstelling so gewild is, is dat die mens dit meestal moeilik vind om verantwoordelikheid vir eie sonde en foute te aanvaar en daarom ‘n geneigdheid het tot skuldontkenning en skuldverplasing (*blame shifting*). Sommige Christendenominasies beskou alle teëspoed as die werking van Satan en demone!

Leraars van bloedlynvloeke, en dikwels ook sielkundiges en beraders, het baie mense daarvan oortuig dat hulle nie werklik sondaars of aanspreeklik vir hulle daade is nie, maar dat hulle die slagoffers van die samelewing in die algemeen is, en veral die slagoffers van hulle ouers en voorouers. Voorstanders van hierdie leerstelling het baie mense oortuig dat hulle die erfgename is van die bloedlynvloeke van hul voorgeslagte en dat hierdie bloedlynvloeke eers gebreek en gebind moet word alvorens ‘n persoon werklik vry kan wees.

Daar word geglo dat selfs wedergebore gelowiges die slagoffers van bloedlynvloeke kan wees en hierdie vloeke word dan voorgehou as “verskoning” (rede) hoekom ‘n gelowige nie oor ‘n spesifieke sonde of probleem in sy lewe kan heers nie. Volgens hierdie siening lê die probleem nie by die gelowige self nie, maar is die probleem ‘n bloedlynvloek(e) wat eers gebreek (bestraf) moet word.

Die meerderheid leraars van bloedlynvloeke beweer dus dat bonatuurlike negatiewe invloede en gedrag, asook bose geeste van die ouers af na hulle kinders oorgedra kan word. Die vraag moet egter wees: Kan bonatuurlike negatiewe invloede en bose geeste vanaf ouers geërf word of kan dit slegs van iemand besit neem omrede hy homself / haarself oopgestel het deur die voortsetting van sondes, gebruike en gewoontes wat by die ouers geleer was?

Maar in die lig van alles wat tot hede in hierdie studie van die verlossing deur die bloed van Yeshua bespreek is, veral in Deel 2 en 3, moet die volgende gevra word: Is bloedlynvloeke (*generational curses*) Skriftuurlik? Is daar bewys in die Skrifte van bloedlynvloeke? Is bloedlynvloeke versagterende omstandighede vir sonde en afwykende gedrag? Maar die belangrikste vraag is egter: Is dit wat as bloedlynvloeke beskou word nie bloot die gevolg van ongehoorsaamheid aan Vader se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is nie?

Ons moet ook versigtig wees om nie die gevolge van emosionele (siels)verwonding weens trauma, veral as kind, met bloedlynvloeke te verwar nie! Emosionele verwonding kan van ‘n mens ‘n gevangene maak wat ook bevryding (genesing) vereis! Maar dit is nie noodwendig weens demoniese magte nie!

Dit is egter ook ‘n wetenskaplike feit dat sekere vorme van afwykende gedrag geneties oordraagbaar is, en dus nie noodwendig ‘n geestelike verbintenis (oorsprong) het nie! Genetiese oorerflike gedrag sal in “Deel 5: Epigenetika” bespreek word. Epigenetika is die verandering in genetiese inligting wat lewenskwaliteit en gedragspatrone kan beïnvloed en wat oorerflik kan wees. Maar is dit ‘n bloedlynvloek?!

Aangeleerde gedrag?

Alvorens die vraag bespreek word of bloedlynvloeke Skriftuurlik is, moet ons weet wat is aangeleerde gedrag. Maar voor ons dit kan bespreek moet ons weet wat God se definisie, naamlik wat Sy standaard en Sy vereistes van normale en aanvaarbare gedragspatrone vir die mens is.

Hieroor sal daar sekerlik meningsverskille wees, maar die enigste korrekte definisie van normale of aanvaarbare gedragpatrone vir die mens is soos dit in Torah gedefinieer word. Enige gedrag en optrede buite die grense van Torah voldoen nie aan God se standaard en vereistes van normale gedragpatrone nie! Daarom moet ons deeglike kennis hê van God se standaard en vereistes van onpartydige opregtheid soos dit in Torah uiteengesit word, naamlik om rein en afgesonderd vir God te wees, en ons moet ons kinders daarvolgens opvoed deur woord en daad.

Aangeleerde gedrag is ook bekend as genearsiepatrone of generasietrauma (*generational patterns*) en is wanneer kinders dieselfde gedragpatrone van hulle ouers in hulle volwasse lewe openbaar.

Daarom moet die mag van die ouerlike voorbeeld nooit onderskat word nie! Die geleentheid wat ouers het om die karakter en gedragpatrone van hulle kinders te vorm, is 'n groot voorreg maar ook 'n gewigtige verantwoordelikheid. Ouers kan van 'n huis 'n veilige omgewing maak waar kinders God se standaard en vereiste van normale en aanvaarbare gedragpatrone sal aanleer, of dit 'n plek maak waar kinders aan verwoestende invloede onderwerp word en afwykende gedragpatrone aanleer. Die huis is die plek waar aangeleerde gedrag (generasiepatrone) in kinders se lewe gevorm word. Hierdie generasiepatrone kan positief of negatief (generasie trauma) wees.

It is true that children are like sponges and they continually seek outside of themselves to develop their "normal". Children are constantly learning and observing, they recreate what they see and brain patterns are formed. Children start to build who they are based on the environment they are recreating around them. Rebecca Frank².

Wanneer aan ouerlike beïnvloeding gedink word, dan is dit duidelik waarom sommige meen dat hulle die slagoffers van bloedlynvloeke is. Wat dikwels as bloedlynvloeke beskou word, is egter negatiewe aangeleerde gedrag, naamlik ouerlike beïnvloeding wat die kind aangeleer het en wat in die kind se volwasse lewe afwykende gedragpatrone tot gevolg het.

Juis weens die ontsettende belangrike rol wat ouers in die vorming van die karakter, asook in mense verhoudinge, morele en sosiale standaarde van 'n kind het, het God die volgende opdrag in Deut. 6:6-9 aan ouers, veral aan die vader, gegee:

- ⁶ Hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou verstand, wil en emosie wees.
- ⁷ Jy moet dit ywerig vir jou kinders leer en daarvoor praat as jy in jou huis sit, as jy op pad is, as jy gaan lê en as jy opstaan.
- ⁸ Jy moet dit as 'n teken bind op jou hand en dit moet as 'n voorkopband tussen jou oë wees.
- ⁹ Jy moet dit op die kosyne van jou huis en op jou hekke skryf,

Vaders het die primêre taak van leierskap en geestelike verantwoordelikheid in gesinsverband en moet die woorde van Torah feitlik 24 uur 'n dag aan sy kinders leer, terwyl hyself as voorbeeld nougeset daarvolgens moet lewe. Daarom het God aan Avraham gesê:

² Generational Trauma – Implications and Steps to Healing. <https://www.courage2connect.com/generational-trauma-implications-and-steps-to-healing/>

Ek het 'n verbondsverhouding met hom sodat hy aan sy seuns en sy huis ná hom bevel sal gee dat hulle die pad van יהוה moet hou om onpartydige opregtheid en reg te doen sodat יהוה oor Avraham kan bring wat Hy oor hom gesê het.” Gen.18:19.

Sha'ul skryf in Efes. 6:4 dat Vaders nie hulle kinders kwaad moet maak nie, maar maak hulle groot in die disiplinêre tug en in die leringe van ons Meester, naamlik volgens alles in Torah, soos in Yeshua vervolmaak is!

In die Skrifte is daar ook voorbeelde van ouers wat hulle plig volgens Torah versuim het met die hartseer gevolge daarvan. Een van die bekendste is Dawid, wat 'n man na God se eie hart was, maar wat nie sy vaderlike plig teenoor sy kinders nagekom het nie, want hy was té besig met ander dinge om sy seuns te dissiplineer. Van een van sy verwaande seuns word gesê dat sy pa hom nooit tot orde geroep het nie: “Sy vader het hom nooit te eniger tyd teëgegaan deur te vra: “Waarom het jy so gemaak?” nie” (1Kon. 1:6). Dawid het die gevolge hiervan gedra en die bittere berou van 'n rebelse seun se vroeë dood ervaar toe Avshalom as 'n vyand van hom aan sy einde gekom het (2Sam. 18:33).

Moeders het ook 'n baie groot invloed op hulle kinders. Sha'ul het vir Timótheos gesê: “Ek word herinner aan die opregte vertrouwe wat in jou is, wat eers in jou ouma Loïs en in jou moeder Eunike was en wat ek oortuig is, ook in jou is” (2Tim. 1:5).

Bogenoemde is bevestiging van die invloed van ouers op hulle kinders en dat dit dikwels eers in hulle volwasse jare sigbaar word,

Opsommend: Aangeleerde gedrag is dus die voorsetting van generasie patrone (*generational patterns*) wat deur die sintuie van 'n kind waargeneem word en dan deur die kind, veral in die volwasse jare, voortgesit word. Dit is die gedragspatrone van ouers wat aangeleer en nagevolg word. Dit is die fisiese werklikheid wat wel 'n geestelike invloed op kinders kan hê. Ouers moet bewus hiervan gemaak word en het ook die verantwoordelikheid om die siklus van afwykende gedrag van hulle eie voorouers te stop, want andersins sal dit onbewustelik in die nageslag voortgaan!

Is bloedlynvloeke Skriftuurlik

Terug dan by die vraag of bloedlynvloeke, soos die leraars daarvan dit definieer, naamlik as 'n oorerflike geestelike vloek wat aan die nageslag oorgedra kan word, Skriftuurlik is?

Ons moet nie alles goedsmoeds glo wat aan ons verkondig word nie, ongeag hoe gewild die leerstelling is of deur wie dit verkondig word. God het Sy woord, die Skrifte, aan ons gegee en verwag dat ons daarvolgens moet leef, en om alle leerstellings wat aan ons verkondig word, eers met die Skrifte te vergelyk. Slegs die Afgesonderde Skrifte is God se onfeilbare, onveranderlike en absolute ware woord aan die mens.

- 16 Elke geskryf wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir 'n kursus in onpartydige opregtheid
17 sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad.
2Tim. 3:16-17

Daarom moet ons die leerstelling van bloedlynvloeke met die Skrifte vergelyk. Soos reeds genoem, word slegs enkele teksverse uit die Tanakh gebruik as sogenaamde bewys van die

leerstelling van bloedlynvloeke aangesien geen teksvers in die Apostoliese Skrifte dit bevestig nie!

Die belangrikste teksverse wat as bewys voorgehou word dat gelowiges die slagoffer van bloedlynvloeke kan wees, is Exo. 20:4-6 wat soos volg lees:

4 Jy mag vir jou geen afgod of enige verpersoonliking maak van wat bo in die hemele is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.

5 Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie, want Ek, יהוה, jou God, is 'n jaloerse Magtige God wat die oortredinge van die vaders besoek aan die seuns, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat,

6 maar omgee wys aan duisende, aan dié wat My lief het en My opdragte uitvoer.

Is bloedlynvloeke hier ter sprake, naamlik die oortredinge van die vaders wat die kinders geërf het en nou ook skuldig aan is, of verwys dit na die voortsetting van aangeleerde gedrag, naamlik die voortsetting van die sondes (oortredinge) van die vaders deur die kinders (nageslag) wat strafbaar is? Die vraag kan ook so gevra word: Is kinders dus skuldig aan die sondes van hulle voorgeslagte? Die antwoord vind ons ondermeer in Eseg. 18:20.

Die persoon wat sondig sal sterf. Die seun sal nie die straf dra vir die vader se oortredinge nie en die vader sal ook nie die straf dra vir die seun se oortredinge nie; die regverdigheid van die onpartydig opregte sal op homself wees en die boosheid van die bose oortreder sal op homself wees.

Verdere bevestiging is Deut. 24:16, naamlik:

Vaders mag nie vir die seuns doodgemaak word en seuns mag nie vir die vaders doodgemaak word nie; elkeen moet vir sy eie sonde doodgemaak word.

So ook bevestig die profeet Yirmeyahu dit in Jer. 31:29-30:

29 "In daardie dae sal hulle nie meer sê: 'Die vaders het suur druiwe geëet en die tande van die seuns het stomp geword,' nie,

30 maar elkeen sal vir sy eie oortredinge sterf; elke mens wat die suur druiwe eet, sy tande sal stomp word.

Eseg. 18:20, Deut. 24:16 en Jer. 31:29-39 stel dit baie duidelik dat die kinders nie die vader se straf vir sonde sal dra nie en dat elkeen persoonlik verantwoordelik gehou sal word vir die sondes wat gedoen word. Daar is geen teenstrydighede in die Skrifte nie, en daarom in die lig van genoemde teksverse, verwys Exo. 20:4-6 na die voortsetting van die sondes van die vaders deur die nageslag! Die nageslag sal slegs gestraf word vir hulle eie oortredinge en nie vir die van die voorgeslagte nie!

Hoe moet Exo. 20:4-6 dan verklaar word? Let daarop dat hier geensins van 'n vloek gepraat word nie! God praat wel van misdade (oortredinge) en hierdie teksgedeelte handel spesifiek oor afgodery!³ Daar word geensins hier gepraat van bloedlynvloeke nie.

³ Afgodery is om afbreek te doen aan die Karakter en Outoriteit van יהוה-God soos dit in die Tien Woorde (gebooi) opgesom word. Dit is nie net die verering van afgodsbeelde of aardse besittings en genietinge nie, maar veral om die ware kennis van die Karakter en Outoriteit van יהוה te verruil vir mensgeformuleerde leerstellings. 'n Goeie voorbeeld is die minagting van die Shabbatgebod en sodoende word 'n afgod geskep wat aanbid word.

Wat God wel bedoel is dat waar 'n persoon in sonde verval (nie in bloedlynvloeke verval nie!) daardie persoon se kinders gesien het hoe die ouers deur hulle woorde en dade spesifieke sonde gedoen het en dan daardie sonde by die ouers aanleer. Die kind op sy beurt stel weer dieselfde voorbeeld aan sy kinders en so begin daar 'n patroon (siklus) in die nageslagte vorm aanneem – 'n generasiepatroon – waar die kinders leer om God te haat. En onthou: Om God te haat is om Sy Torah te verwerp, want dié wat יהיה-God lief het, sal Sy gebooië gehoorsaam (Joh. 14:24; 1Joh. 2:4-6).

Vir ouers is dit baie belangrik om te besef watter groot invloed hulle op hul kinders se gedrag kan uitoefen deur veral die voorbeeld wat gestel word. Daarom is dit belangrik dat ouers elke dag hulle kinders God se Torah moet leer, terwyl die ouers self volgens Torah leef. Dit is hoe kinders in die lewenswyse (weë) van God groot gemaak moet word.

Opsomming: Exo. 20:4-6 het dus te doen met aangeleerde gedrag, en nie een of ander geestelike bloedlynvloek wat van die ouers (voorouers) aan die kind oorgedra word nie. Omdat die kinders dan die gedrag van hulle ouers navolg deur God te haat, naamlik ongehoorsaamheid aan Torah, word elkeen in die nageslagte van die wat God haat, aanspreeklik gehou vir hulle eie sonde. Elkeen is dus skuldig aan die sonde van afgodery en al die nageslagte wat daarby betrokke is, dra dus die gevolge van hulle eie sonde. Hierdie beginsel geld vir enige van die sondes, naamlik die dade van die menslike natuur wat in Gal. 5:19-21 gelys word as:

- 19 seksuele oortredings, onreinheid, wellustigheid,
 20 aanbidding van afgode, towery, vyandskap, tweedrag, jaloesie, woede, hardkoppigheid, misleiding, valse leringe,
 21 afguns, moord, dronkenskap, orgies en soortgelyke dinge en dat die wat hierdie dinge doen, soos ek vroeër gesê het en nou weer sê, nie die Koninkryk van God sal erf nie.”

Dit wat Sha'ul hier noem is volgens Torah afwykende gedrag wat dikwels in huishoudings plaasvind en wat kinders waarskynlik sal aanleer en in hul volwasse lewe mee sal voortgaan, behalwe wanneer die generasiepatroon deur die kinders beëindig word.

Die vraag is dus

Hoe word die siklus van afwykende aangeleerde gedrag gestop? Omrede dit volgens definisie nie 'n vloek is nie, is die oplossing vir die probleem nie om die sogenaamde vloeke wat kwansuis aan die nageslagte oorgedra is te verbreek of te bind nie. Nee, die oplossing is:

Eerstens deur wedegeboorte wat opgevolg moet word deur gehoorsaamheid aan God se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is. Hierdie is die leefwyse van afgesonderdheid (heiligmaking), naamlik die proses om afwykende aangeleerde gedrag te “ontleer” en te vervang met aanvaarde gedragspatrone volgens Torah en wat gepaard sal gaan met die vrug van die Gees, soos Sha'ul dit in Gal. 5:22-24 beskryf:

- 22 Die vrugte van die Gees is liefde, blydskap, vrede, geduld, sagte omgee, goedheid, vertrouwe,
 23 nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge is geen wet in plek nie,
 24 maar dié wat aan dié Gesalfde Een behoort, het die menslike natuur met al sy passies en begeertes gekruisig.

Tweedens deur vertrou in die volkome verlossing deur die bloed van Yeshua en die toepassing daarvan in daaglikse geloofswandel. Hierdie verlossing is 'n oorvloedige lewe vry van enige bindinge en emosionele wonde!

Laastens moet ouers hulle kinders deeglik in Torah onderrig, naamlik om God waarlik lief te hê (Deut. 6:6-7), terwyl hulle self die voorbeeld stel van Torahgehoorsaamheid. Op hierdie wyse sal die siklus van die oortredings (ongeregthede) van die vaders gestop (verbreek) word en sal die nageslag יהוה-God se liefdevolle omgee in hulle lewens ervaar!

So word die bose kringloop van die sondes en afwykende gedragspatrone van die voorgeslagte verbreek (gestaak). Torah is die waarheid en gehoorsaamheid deur die doen van hierdie waarheid sal elkeen vry maak van enige aangeleerde negatiewe gedrag (Joh. 8:32 en 17:17) en sal genesing wees van gees, siel en liggaam deur vertrou in die verlossing deur die bloed van Yeshua.

Vryheid van keuse

Ons almal het 'n vrye wil wat deur God eerbiedig sal word. Daarom moet ons die regte keuse maak en Torah leer ons wat hierdie keuse moet wees, naamlik om lewe te kies soos ons in Deut. 30:15-20 lees.

15 Let op, ek het jou vandag die lewe en voorspoed en die dood en moeilikheid, voorgehou;

16 deurdat ek jou vandag beveel om יהוהי, jou God, lief te hê, in Sy paaie te loop, Sy opdragte, reëls en wette te doen sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en יהוהי, jou God, jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit te besi

17 maar as jou verstand, wil en emosie wegdraai en jy nie wil gehoorsaam nie, maar weggetrek word en ander gode aanbid en hulle dien,

18 dan verkondig ek vandag aan julle dat julle sekerlik sal omkom. Julle sal nie jul dae verleng in die land waarheen jul oor die Yarden trek, om dit te besit nie.

19 Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. Kies dus die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag,

20 deur יהוהי, jou God, lief te hê, deur Sy stem te gehoorsaam en aan Hom vas te hou, want dit is jou lewe en die lengte van jou dae sodat jy kan woon in die land wat יהוהי aan jou vaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloop het om dit aan hulle te gee.

Vertrou in Yeshua as ons Verlossing en deur gehoorsaamheid aan Torah is om lewe en voorspoed te kies. Dan sal ons God se Koninkryk onder Koningskap van Yeshua in besit neem.

Ongeag ouers se invloed het kinders ook die keuse tussen lewe (die seën) en dood (die vloek). Kayin en Hevel dien as voorbeeld: Al twee broers het uit dieselfde gesin gekom en het dieselfde agtergrond gehad. Kayin het egter gekies om ongehoorsaam te wees, maar Hevel het gekies om gehoorsaam te wees! Dus speel ons wil 'n groter rol in die keuses wat ons maak as die omstandighede en agtergrond wat ons kinderjare beïnvloed het.

Dit kan dus gebeur dat 'n kind se hele familie en sy bloedlyn goddeloos is, maar die kind self is nie goddeloos nie, omrede hy gekies het om Torahgehoorsaam te wees. Die teenoorgestelde is ook waar, naamlik dat 'n kind uit 'n Torahgehoorsame familie kom, maar

goddeloos word, omdat hy kies om te wees wat hy wil wees. Dit is die gawe van vrye wil en daarom sal God elke mens vir sy keuses verantwoordelik hou.

Daarom kan ons nie ons verlede, veral nie ons kinderjare, as verskoning of rede vir afwykende gedragspatrone weens sogenaamde bloedlynvloeke gebruik nie.

Ten slotte

Die Skrifte leer ook nie dat ons die werke van die vlees moet bestraf nie, maar ons word aangese om deur die Gees te wandel en die werke van die vlees af te lê.

²⁴ maar dié wat aan Die Gesalfde Een behoort, het die menslike natuur met al sy passies en begeertes gekruisig.

²⁵ Ons moet daarom in die Gees leef en aan die Gees oorgee. Gal. 5:24-25.

¹³ Laat ons op die regte manier leef, soos mense in die dag, nie in partytjies, dronkenskap, seksuele immoraliteit, bakleiery en jaloesie nie,

¹⁴ maar trek ons Meester, Yeshua, dié Gesalfde Een, aan en moenie konsentreer op die begeertes van die vlees nie. Rom. 13:13-14.

Nêrens in die Afgesonderde Skrifte word ons geleer van bloedlynvloeke wat ons van ons voorvaders af geërf het, en om dit te bestraf (te verbreek, te “bind”) nie. Dit is dus ‘n valsleerstelling wat deur die Christendom ingebring is. Daarom is dit nie vreemd dat die leerstelling van bloedlynvloeke in die okkult voorkom nie. Die Skrifte spreek altyd die mens aan en beveel hom persoonlik om sy boosheid te laat staan.

¹ Gooi daarom alle boosheid, alle misleiding, bevooroordeeldheid, afguns en alle kwaadpraterie af.

² Verlang sterk, soos babas wat nog drink, na die suiwer en geestelike melk van die boodskap, waardeur julle sterk kan groei vir die lewe. 1Pet. 2:1-2

Die enigste oorerflike “bloedlynvloek” is die van Adam, naamlik die sonde-aard wat elke mens van Adam geërf het! Maar vertrou in die verlossing deur die bloed van Yeshua word hierdie “bloedlynvloek” verbreek en kan ons in oorwinning oor sonde en enige negatiewe aangeleerde gedrag en emosionele verwonding leef.

Yeshua het die prys vir ons sonde betaal, en daarom moet ons vra: Hoe kan ons dan steeds bloedlynvloeke hê waarvoor ons gestraf sal word? Indien ons glo dat bloedlynvloeke ‘n werklikheid is, dan ontken ons die totale verlossing deur die krag van die bloed van Yeshua! יהוה-God straf ons nie vir die sondes van ons voorvaders nie! Nee, Hy straf ons net indien ons die sondes van die voorvaders herhaal!!

En baie belangrik! Wanneer ons wedergebore is, is ons ‘n nuwe skepping! Daarom het Sha’ul geskryf:

³ Of weet julle nie dat dié van ons wat in dié Gesalfde Een, Yeshua, gedoop is, in Sy dood gedoop is nie?

⁴ Ons is saam met Hom begrawe in die doop tot die dood sodat net soos dié Gesalfde Een uit die dood uit opgestaan het deur die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Sy Vader, ons ook net so in ‘n nuwe lewe kan leef,

⁵ want as ons een geword het met Hom deur dieselfde dood as Hy, sal ons ook een wees met Hom in dieselfde opstanding as Hy.

⁶ Ons weet dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is sodat die liggaam van sonde vernietig sou word sodat ons nie langer 'n slaaf van die sonde sal wees nie,
⁷ want hy wat dood is, het homself van die sonde bevry. Rom. 6:3-7.

Alles wat daarom in eenheid met dié Gesalfde Een is, is 'n nuwe skepping, die ou orde het daarmee verbygegaan. 2Kor. 5:17.

Deur die onverdiende guns van Vader in Yeshua het ons 'n nuwe lewe en is ons 'n nuwe skepping wat deur vertrouwe en gehoorsaamheid voortdurend gevorm word om gelykvormig aan Yeshua te word – volkome genesing van gees, siel (verstand, wil en emosie) en liggaam!

-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom!
 Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.